

**SATERDAG 25 APRIL**

**SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: 1 TESSALONISENSE 4:1**

## **Uitverkiesing en gehoorsaamheid**

Lyk jou lewe dikwels net soos die wêreld s'n? Is jy geneig om standarde wat in die samelewing geld, ook maar vir jou persoonlik te aanvaar?

Dikwels laat daardie standarde in die lig van die Here se Woord veel te wense oor. So was dit ook in Tessalonika. Daarom het Paulus die gemeente hieroor verder onderrig. Hy het hulle opgeroep om duideliker God se wil uit te lewe.

In verse 1-12 handel Paulus oor drie aspekte van hulle lewe.

Eerstens moet hulle hul weerhou van onsedelikheid: “Elkeen van julle moet weet dat hy met sy vrou heilig en eerbaar moet saamlewe” (vs 4).

Tweedens het hulle by God self geleer wat broederliefde is. Deur sy prediking en omdat Hy Homself gegee het, het Jesus Christus ware broederliefde in hierdie wêreld gedemonstreer.

In die derde plek gee Paulus vir hulle ook riglyne vir hulle daaglikse werk. Om te werk, was vir baie Grieke 'n vernedering. Daarom was die versoeking vir die gelowiges ook groot om nie hulle werk te doen nie, maar om hulle met ander se sake te bemoei. Paulus skerp hulle dan op om getrou hulle eie werk te verrig.

Die Here maak deur die Heilige Gees die uitverkorenes gewillig om al hoe meer volgens Jesus Christus se standaard te leef. Hy het hulle verlos om soos Hy die wil van die Vader te doen.

So onderskei hulle hulle dan van die wêreld en dwing hulle ook die agting van die mense buite die gemeente af.

Volgens watter standaard leef jy?

*Sing: Psalm 51:6*

*Ds. JB (Jan) du Plessis (Emeritus)*